

29 Julie

Skrifgedeelte: 2 Samuel 1

Geestelike volwassenheid

As die arme Amalekiet verwag het dat Dawid ingenome sou wees met Saul se dood, het hy hom deeglik misgis. Saul het wel met onbeheerste haat jare lank vir Dawid hoofbrekens besorg. Nou is sy aartsvyand uiteindelik dood. Maar in plaas van verligting, treur Dawid oor Saul!

Dawid illustreer in die geskiedenis prakties wat God van elkeen van ons verwag: geestelike volwassenheid.

Die Here verwag dat ons ons sal onderwerp aan die gesag wat Hy oor ons gestel het (Rom 13:1). Dawid het ten spyte van alles Saul altyd geëer as die gesalfde van die Here.

Hy het nooit toegelaat dat wrokke sy lewe bitter maak nie. Hy het die wraak aan 'n regverdige God oorgelaat (Rom 12:18-21).

Hy was wel diep besorg oor die geestelike en sedelike verval van koning Saul (Ps 54,56), Maar in sy treurlied kan hy - wonderlik gebalanseerd - tog in dankbaarheid mooi dinge wat Saul gedoen het in herinnering roep.

Ons lewe is vandag besaai met konflik en onreg. Dis so maklik om wrokke te koester en verbitterd te word. In hierdie chaos word ons egter geroep tot geestelike volwassenheid.

Die Heilige Gees moet ons lewens beheers (Gal 5:16-25). Bid dat die Vader deur sy Gees, uit die rykdom van sy heerlijkheid, aan jou die krag sal gee om innerlik sterk te word. Bid dat Christus deur die geloof in jou hart sal woon. Bid dat jy in die liefde gewortel en gegrondves sal wees (Ef 3:16,17). Dit bly die geheim agter geestelike volwassenheid.

Sing: Psalm 25:2

Ds APC Duvenage (Emeritus)